E-pos: kontak@volksraad.co.za

Sel.nr.: 082 322 6590

Sekretaresse: 012 803 0712

Posbus 71214, Die Wilgers, 0041

Webwerf: www.volksraad.co.za

Mediaverklaring: 29 November 2016

Volksraad vra Internasionale Bemiddeling

Die Boere-Afrikanervolksraad is op 24 September 2011 deur ‘n volksverkiesing in die lewe geroep om selfbeskikking vir die Boere-Afrikanervolk te verkry.

'n Enkele gesprek tussen die Volksraad en die Suid-Afrikaanse regering oor die aangeleentheid is op 28 Augustus 2014 gevoer.

Nadat dit duidelik geword het dat die Regering die aangeleentheid nie verder sou voer nie, het die Volksraad die ANC-regering se miskenning van internasionaal-aanvaarde regte en verpligtinge en die vergrype teen ons volk, onder die aandag van die internasionale gemeenskap gebring.

In hierdie verband het die Volksraad sy regsverteenwoordiger, mnr. Paul Kruger, versoek om ‘n omvattende Memorandum op te stel waarin ons aanspraak op selfbeskikking uiteengesit, en die internasionale gemeenskap uitgenooi word om as bemiddelaar(s) tot die dispuut tussen die volk, soos verteenwoordig deur die Volksraad, en die Suid-Afrikaanse Regering toe te tree met die oog op beslegting daarvan.

Tussen 23- en 25 November 2016 is die dispuut formeel in die internasionale arena gewerp met die amptelike oorhandiging van dié Memorandum aan die VN in Genéve en die Europese Unie in Brussel. ‘n Eksemplaar is ook afgelewer by die Vlaamse Parlement in Brussel. Die titel van die Memorandum is “*Settlement of the Boer-Afrikaner People’s claim to territorial self-determination: Inviting international intervention – Memorandum by the Volksraad to the international community*”. Dit word verdermeer op ander state se regerings via hul ambassades in Suid-Afrika bestel. Die Memorandum word ook aan die nuut-verkose Amerikaanse presidentskandidaat, mnr. Donald Trump, en ander sleutelbesluitnemers in die internasionale arena gerig.

Die ontvangers van die uitnodiging word versoek om teen 31 Mei 2017 aan te dui of hulle bereid is om aan die versoek om bemiddeling te voldoen, teen welke datum die Volksraad

aan die volk verslag sal doen oor die uitvoering van sy mandaat, waarna die volk oor verdere optrede sal besluit.

Kopieë van die Memorandum kan bestel word by Chantal Kruger: 079 740 7214 of per e-pos by chantal.kruger@vvk.co.za

A.E. Breytenbach

Voorsitter

29 November 2016

Navrae*:*

Andries Breytenbach, tel. 082 322 6590 of 012 802 4285

e-pos: kontak@volksraad.co.za

Paul Kruger, tel. 082 267 0364

E-pos: krupp1@telkomsa.net